



# THATCHERS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Nuusbrief 5/2016  
Augustus 2016

Geagte lid

## PRODUKTE IN DIREKTE KOMPETISIE MET KONVENTIONELE GRASDAKKE

Cintsa Thatching & Roofing  
Roof Conversion Experts  
Cell: 082 979 8294 Email: nicolas.kzn@cintsathatching.co.za  
Tel: 031 700 1677 Web: www.cintsathatching.co.za

Convert old problematic Thatch to Tiles without re-designing your roof

BEFORE AFTER  
INTERNAL

Cintsa South Coast Roofing has developed a specialist system for the conversion of thatch roofs to tiles, without stripping and re-building the existing structure. The system uses Onduvilla tiles which are a premium roofing product from the Onduline Group®.

Cintsa Thatching & Roofing KZN are accredited suppliers and applicators of Onduline products.

Onduline  
Harvey Roofing Products

THATCH EVOLUTION  
082 330 8978

Proud Member of TASA

ALL TYPES OF THATCH WORK & CONVERSIONS

- Lapas, Houses, Repairs and Maintenance
- Conversions to Onduline & Harvey Tile
- Fire Retardant Spraying

Dit het onder ons aandag gekom dat produkte wat in direkte kompetisie met konvensionele grasdakke is, deur DVSA lede ‘in dieselfde asem’ genoem word. Skreiend dat selfs ‘n firma wat nog nooit ‘n lid van die DVSA was en geen ledegeld betaal nie, die DVSA se geregistreerde handelsmerk gebruik omdat ‘n DVSA lid belang by die besigheid het.

Onregmatige gebruik vandie DVSA se geregistreerde handelsmerk word in ‘n uiters ernstige lig beskou en regstappe word onmiddellik geneem indien die betrokke firma nie reageer op die DVSA se waarskuwing nie.

Lede van die DVSA kan by enige iets anders betrokke wees, enige ander produk gebruik, enige ander diens lewer, maar die DVSA se geregistreerde handelsmerk mag net gebruik word tov die bou van konvensionele grasdakke.

Dit beteken dat NIKS ANDERS BO-OP die gras geplaas mag word soos byvoorbeeld Harvey teëls nie. Geen voorsiening word daarvoor in die spesifikasie vereistes gemaak nie en die DVSA onderskryf of keur geen ander produktes ook goed nie. Die publiek word mislei deur die DVSA se logo by hierdie produktes te adverteer.

Die DVSA onderskryf nie Harvey Teëls of Onduline of **enige ander produktes** as net konvensionele grasdakke wat geheel en al net met dekgras en/of dekriet gedek word nie.

Daarom is die “Guide to Thatch Construction in South Africa” asook die SANS 10407 (Thatch Roof Construction) spesifikasie daargestel wat spesifiek daarop gerig is om die Grasdak Bedryf te beveilig en uit te bou. Advertensies soos hierdie skaad ons Bedryf en is ‘n absolute misbruik van die DVSA en totaal teenstrydig met die DVSA se doelstellings.

Dit kan nie sterk genoeg beklemtoon word dat die DVSA se logo op advertensies wat produktes adverteer anders as net konvensionele grasdakke, nie deur lede gebruik mag word nie. Indien lede advertensies plaas, mag die

logo net gebruik word ten opsigte van konvensionele dekgras- of rietdakke soos aangetoon in "A Guide to Thatch Construction in South Africa" en die SANS 10407.

Indien 'n lid enige ander produk of diens wil bemark, mag die DVSA se geregistreerde handelsmerk nie op die advertensies verskyn nie.

Ons maak staat op u samewerking in hierdie verband.

### **DIENS VAN GRASDAKKE ASOOK INSTALLERING VAN GLASVESELNOKKE**

Die metode wat deur die Algemene Jaarvergadering aanvaar is om gras- en rietdakke te diens, word ook met behulp van fotos in ons "Guide to Thatch Construction in South Africa" verduidelik.



Verkeerde metode



Regte metode

Die installering van veselglas nokke vorm deel van die SANS 10407 en word ook in ons 'Guide' met behulp van fotos geillustreer.



Gras moet weerskante oor gevou word.

Klagtes word ontvang van lede van die publiek dat daar van ons lede is wat nie hierdie riglyne volg nie. Na ons bemarkingsveldtog, die beskikbaarheid van die „Guide“ en die DVSA se Facebook bladsy, is mense baie meer op hoogte gebring van spesifikasie vereistes en bewus gemaak van die bestaan van die DVSA.

Ons adverteer dat die logo die „Mark of Excellence“ is en wil graag ons lede aanmoedig om ons beeld van besonder hoë kwaliteit en diens gestand te doen en uit te bou.

Vriendelike groete



John Smith

**NASIONALE VOORSITTER**

Dekkersvereniging van Suid-Afrika

Privaatsak X 1015

LYTTELTON

0140

Faks  
Selfoon  
Epos adres  
Webtuiste

086 6409 151  
083 283 8429  
[admin@sa-thatchers.co.za](mailto:admin@sa-thatchers.co.za)  
[www.sa-thatchers.co.za](http://www.sa-thatchers.co.za)